

Sitrus Verpakking

7 Laai van
Vragmotors

Leergids


citrus
academy

Kopiereg ©


sitrus-
akademie

Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410


cri citrus
research
international


Citrus
Growers'
Association
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

© Citrus Academy NPC
1^{ste} uitgawe 2011 | 2^{de} uitgawe 2017

Die modules wat vervat is in hierdie reeks is deel van die Sitrus Na-oes Reeks. Hulle is herverpak uitdruklik ter wille van die opleiding van seisoenale en permanente pakhuiswerkers.

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op audiovisuele opleidings materiaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

Audiovisuele produksie:

Media World

Aanbieder:

Mariëtta Kruger

Skryfwerk en opleidingsmateriaal aanpassing:

Mooipraatjies (Barry de Klerk)

Samestelling en nasiening:

Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)

Vervaardig deur




In samewerking met



Met die ondersteuning van



Sitrus Na-Oes Reeks geborg deur



Vrywaring

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om te die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

Inhoud

Inleiding	4
Soorte Vragmotors	4
Koeltrokke	4
Gordynvragmotors	4
Platbak	4
Vraginspeksie	5
Vragmotor Inspeksie	5
Laai van Vragmotors	5
Vasmaak van die Vrag	6
Oorlading	6
Afsluiting	7
Aktiwiteit 1 – Diagram	9
Aktiwiteit 2 – Navorsingsverslag	10



Inleiding

Vanaf die meeste plekke waar sitrus in Suid-Afrika verbou word, word uitvoersitrus oor lang afstande vervoer vanaf die plaas of pakhuis na die hawe waar dit op skepe gelaai word. Die mees algemene vervoermetode wat in Suid-Afrika gebruik word, is padvervoer.

Pallete wat gestapel is met uitvoervrugte word op vragmotors gelaai by die pakhuis. Streng riglyne moet gevolg word vir die manier waarop vragmotors gelaai word.

Soorte Vragmotors

Daar is drie soorte vragmotors wat algemeen gebruik word vir die vervoer van sitrus. Die soort vragmotor wat gebruik word vir 'n spesifieke vrug is volgens die sitrussoort en die karton waarin dit verpak is. Jy moet die prosedures en laai beperkings ken vir elke soort vragmotor.

Die drie soorte vragmotors wat gebruik word is:

- ❖ Koeltrokke
- ❖ Gordynvragmotors
- ❖ Platbakvragmotors

Koeltrokke


Koeltrokke word gebruik om vrugte te vervoer wat alreeds afgekoel is, en word meestal vir sagte sitrus gebruik.

Gordynvragmotors

Oopvertoonkartonne word vervoer op gordynvragmotors, met seilgordyne aan die kante. Die rede waarom hierdie soorte vragmotors gebruik word, is omdat mens nie kan loop bo-op pallete wat met oopvertoonkartonne gelaai is sonder om die vrugte te beskadig nie, selfs al is dit bedek met 'n palletdeksel. 'n Gordynvragmotor met 'n dak is dus meer gepas.

Platbak

Platbakvragmotors word meestal gebruik om pallete met teleskopiese kartonne te vervoer. Hierdie is die kartonne wat die meeste gebruik word vir sitrusuitvoere uit Suid-Afrika.



Vraginspeksie

Voordat mens begin laai moet die pallette wat gereed is om gelaai te word eers deur die vragmotorbestuurder geïnspekteer word.

Die bestuurder moet kyk dat die pallet basisse nie stukkend is nie, dat elke tweede pallet toegedraai is in swart plastiek sodat die kartonne nie teen mekaar skaaf nie, en dat die aantal pallette ooreenstem met die vragbrief. Die vorkhyser- en vragmotorbestuurders moet seker maak dat die regte aantal pallette op die vragmotor gelaai word en dat dit nie oorlaai word nie.

Die algemene riglyn vir standaard pallette is 32 pallette oopvertoonkartonne per vragmotor, en 28 pallette teleskopiese kartonne. As die pallette gestapel is in ekstra-hoogte formasie, moet die aantal pallette wat gelaai kan word, bereken word volgens die palletgewig en die wettige laai kapasiteit van die voertuig.

Die vorkhyserbestuurder is die laaste linie van gehaltebeheer in die pakhuis en hy moet seker maak dat die kartonne ordentlik gestapel en goed vasgemaak is op die pallette, voordat hy die pallette laai op die vragmotor.

Vragmotor Inspeksie

Die vorkhyserbestuurder moet ook kyk dat die vragmotor wat hy gaan laai geskik is. Hy moet kyk dat die bakke van platbak- en gordynvragmotors glad is en die pallet basisse moenie beskadig kan word nie. Koeltrokke moet skoon wees en die vloer en mure moet glad wees, sodat die kartonne nie beskadig word nie. As die vorkhyserbestuurder onseker is oor die geskiktheid of toestand van die vragmotor moet hy die toesighouer inlig. Onthou, eerder bang Jan as dooie Jan.

Nadat die vragmotor gelaai is, moet die vorkhyserbestuurder seker maak dat die bestuurder die vrag goed vasmaak, en dat die bande en nette of seile wat hiervoor gebruik word, in 'n goeie toestand is.

Laai van Vragmotors

Sleepwaens word basies op dieselfde manier gelaai. Om 'n sleepwa te laai met pallette van dieselfde soort, pak die pallette, een aan elke kant om die beurt, van voor tot agter op die sleepwa. Maak seker dat die gewig van die vrag eweredig verprei is oor die sleepwa – die voorasse behoort nie meer gewig te dra as die agterste asse nie. Koeltrokke word gelaai van agter.

Vir 'n gemengde vrag van A15C en oopvertoonkartonne, word die A15C kartonne op die voorste en agterste punte van die sleepwa gelaai, met die oopvertoonkartonne in die middel. Hierdie laaipatroon is meer stabiel en die vrag is minder geneig om te skuif.

Onthou altyd om die gewig eweredig te versprei oor die asse en om nie die vragmotor te oorlaai nie. Moenie oorhaastig wees terwyl jy laai nie – skade aan die vrugte beteken verliese vir die pakhuis, die produsent en uiteindelik vir jou.

Vasmaak van die Vrag

As al die pallette in die vrag reg is op die vragmotor, moet die vrag goed vasgemaak word om seker te maak dat die pallette nie skuif en die kartonne nie omval tydens die rit nie. Die vrag is toe binne-in 'n koeltrok so dit is onwaarskynlik dat dit sal skuif. Op 'n platbak- en gordynvragmotor word hoek-stukke, bande, nette en seile gebruik om vrag vas te maak.

Op hierdie soorte vragmotors kan daar ook gapings wees tussen die voorste ry pallette en die voorste reëlings van die sleepwa, en op gordynvragmotors ook tussen die laaste ry pallette en die agterkant van die sleepwa.

Hierdie gapings moet gevul word met lugsakke. Lugsakke is plekhouders wat gebruik word om die vrag te stut en te stabiliseer, sodat pallette nie kan skuif gedurende die rit nie.

Pallette wat kan skuif kan maklik omval, en die kartonne en vrugte beskadig. Dit gebeur meestal as ekstra-hoogte pallette vervoer word, want dan word minder pallette op die sleepwa gelaai voordat die maksimum laai massa behaal word.

Hoekstukke word in plek gesit bo-op die pallette en vasgemaak met bande. Die bande is vas aan die vragmotor, en word styfgetrek met behulp van 'n sperrat. Onthou altyd dat jy nie 'n vrag bakstene vervoer nie – as die bande te styf vasgetrek word, kan dit skade veroorsaak aan die kartonne en hulle kan inmekaar tuimel. Op 'n platbak vragmotor word 'n seil bo-oor die vrag gesit om dit te beskerm teen die elemente.

Riffelkartonvelle word bo-op die vrag gesit, tussen die seile en die kartonne. Sitrusvrugte kan nogal sweet onder 'n seil, en die wisseling in temperatuur soos die vragmotor nader kom aan die kus en die hawe dra ook by tot kondensasie onder die seil.

Die riffelkarton absorbeer hierdie vog en voorkom dat die boonste laag kartonne nat word en uitmekaaruitval.

Oorlading

Die oorlading van vragmotors kan voorkom word deur 'n paar basiese riglyne te volg. Op elke vragmotor is daar 'n plaatjie wat die maksimum laai massa van die vragmotor aandui. Pallette moet geweeg word by die pakhuis voor hulle gelaai word, om seker te maak dat die maksimum massa nie oorskry word nie.

Dit is die eerste oorlaai scenario, waar die vrag in totaal die wetlike perk oorskry. As dit gebeur word die ekstra pallette afgehaal by die weegbrug en daar langs die pad gehou totdat dit gehaal kan word deur 'n ander voertuig, wat onnodige verliese vir die pakhuis en die produsent teweegbring.

Die tweede oorlaai scenario is die gewig wat nie eweredig versprei is nie en een van die aste gevolglik oorlaai is. Oneweredige verspreiding is gevaarlik, want dit beïnvloed die hantering van die vragmotor en kan ongelukke veroorsaak. Die probleem kan reggestel word by die weegbrug deur die vrag te skuif sodat die vragmotor verder ry, maar die vervoermaatskappy sal beboet word, en dit sal deurgegee word aan die pakhuis.

Afsluiting

Vervoer is 'n belangrike skakel in die waardeketting en ons moet verseker dat ons soveel as moontlik van die risiko wat daarby betrokke is, effektief bestuur. Deur vragmotors ordentlik en volgens voorskrif te laai, kan verliese wat spruit uit oorklading of vragte wat rondskuif beperk word.

Onthou altyd dat dit jou brood en botter is wat uitgestuur word op daai vragmotor.



leeraktiwiteite


Kyk na die DVD modules, lees deur die leermateriaal en doen werkpleknavorsing om die nodige kennis en inligting in te win om die opdragte hieronder te voltooi.

Aktiwiteit 1 – Diagram

Teken 'n diagram wat die plasing van pallette op 'n platbakvragmotor aandui, vir 'n gemengde vrag van 12 pallette A15C kartonne en 13 pallette oopvertoonkartonne. Teken en merk nou die items wat jy sal bysit om die vrag vas te maak en te beveilig.

Aktiwiteit 2 – Navorsingsverslag

Vind uit by die logistiekbestuurder hoeveel vragmotors in die vorige seisoen gebruik is en hoeveel kartonne vervoer is. Gebruik hierdie inligting en ontwikkel 'n logistiese plan wat beter gebruik maak van beskikbare hulpbronne.



Aktiwiteit 1 – Diagram

Teken 'n diagram wat die plasing van pallette op 'n platbakvragmotor aandui, vir 'n gemengde vrag van 12 pallette A15C kartonne en 13 pallette oopvertoonkartonne. Teken en merk nou die items wat jy sal bysit om die vrag vas te maak en te beveilig.



